

THOMAS IGNATIUS FERREIRA (c. 1743–c. 1814), OOSGRENSPIONIER EN “BRITSE” BEVELVOERDER VAN FORT FREDERICK

O.J.O. Ferreira
Universiteit van Pretoria

Thomas Ignatius Ferreira (c.1743–c.1814), pioneer on the Eastern Frontier and “British” officer in command at Fort Frederick

Thomas Ferreira initially farmed in the region of Mossel Bay and afterwards on a farm east of Langkloof, before he moved to Papenkuilsfontein in Algoa Bay in 1776, thus becoming one of the first Afrikaner pioneers in this area.

In 1782 he was a member of the expedition which set out to look for survivors of the shipwrecked *Grosvenor*. In 1799 the British garrison erected Star Fort on his farm. This became the first official structure of defence on the Eastern Frontier. After having learned that the Cape was to become a colony of the Batavian Republic in 1803, the Acting British Governor appointed Thomas Ferreira as commanding officer at Fort Frederick.

During a visit by Governor J.W. Janssens to Algoa Bay in 1803, Thomas was accused of cruelty towards non-whites and of being partly responsible for the unrest on the Eastern Frontier. In order to maintain peace and order he and some of his relatives, inter alia his daughter, the later notorious “Kwaade Martha” Ferreira of the Black Circuit (1812–1813), were banned from Algoa Bay. Thomas resettled on a farm in the Mossel Bay region.

Thomas Ignatius Ferreira (c.1743–c.1814) het aanvanklik in die omgewing van Mosselbaai en later net ten ooste van Langkloof geboer voordat hy in 1776 na Papenkuilsfontein by Algoabaai verhuis en sodoende een van die eerste Afrikanerpioniers in dié omgewing geword het.


In 1782 was hy lid van die ekspedisie wat na oorlewendes van die gestrande *Grosvenor* gaan soek het. Op sy plaas het die Britse garnisoen in 1799 Star Fort, die eerste amptelike verdedigingstruktuur aan die Oosgrens, opgerig. Nadat die Britse waarnemende goewerneur aan die Kaap verneem het dat die Kolonie in 1803 in die hande van die Bataafse Republiek sou oorgaan, het hy Thomas Ferreira in September 1802 as bevelvoerder van Fort Frederick aangewys.

Tydens ’n besoek van goewerneur J.W. Janssens aan Algoabaai in 1803 is Thomas daarvan aangekla dat hy wreed teenoor nie-blankes opgetree het en gedeeltelik vir die onrus aan die Oosgrens verantwoordelik was. Ter wille van die rus en orde is hy en sekere van sy familieleden, onder andere sy dogter, die later befaamde Kwaade Martha Ferreira van die Swarte Ommegang (1812–1813), uit Algoabaai verban, waarna hy hom weer in die omgewing van Mosselbaai gevestig het.

Algoabaai en die Britse Setlaars van 1820 het in die Suid-Afrikaanse geskiedenis so aan mekaar gekoppel geraak dat weinig Suid-Afrikaners daaraan dink dat dié landstreek voor die aankoms van die Setlaars feitlik uitsluitlik deur Afrikanerkoloniste bewoon is. Die oorewegend Engelse stad Port Elizabeth is aangelê en het uitgebrei op grond wat eens die plaasname Strandfontein, Papenkuilsfontein, Welbedacht, Buffelsfontein, Nootgedacht en Hartebeestfontein gedra het. Onder die eerste Oosgrenspioniers wat hulle in die omgewing van Algoabaai gevestig het, was ook enkele Ferreras wat almal bloedverwante was. Onder hulle was daar een figuur wat die leiding van hierdie groep op hom geneem het. Hy was Thomas Ferreira van die plaas Papenkuilsfontein oor wie hierdie artikel handel.

Afkoms

Thomas was die draer van ’n tipies Portugese familienaam wat “smid” of “hoefsmid” beteken



FIGUUR I. Lissabon, Portugal, geboortplek van Ignatio Leypold Ferreira (c.1695-1772), vader van Thomas Ignatius Ferritin, 2005 die gelijk het voorstelt die groot aardbeving van 1755 die stad in puin heeft het.

UIT: Spoor Historiaal 19(1), Januari 1984, p. 8

en nie met die ander Portugesê familienaam Pereira, wat “peerboom” beteken, verwar moet word nie.¹

Thomas Ferreira was ’n seun van Ignatio Leopold Ferreira, die stamvader van die meeste Ferreriras in Suid-Afrika wat teen omstreeks 1696 in Lissabon, Portugal (*Figuur 1*), gebore is.² As gevolg van die ontdekking van goud in Brasilië het Lissabon, as verspreidingspunt van die edelmetaal, in die negentigerjare van die sewentiende eeu gefloreer. Die kerk en die adelstand het steeds ryker en ryker geword, terwyl die gewone Portugees steeds verder verarm het.³ Dit verklaar waarskynlik Ignatio Ferreira se besluit om as matroos in diens van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie te tree.

Ignatio was ’n matroos op die *Chandos*, ’n skip van die Engelse Oos-Indiese Kompanjie wat op sy terugvaart van Bengale na Engeland, in die nag van 16 op 17 Junie 1722 as gevolg van ’n hewige noordwestelike stormwind naby die Kasteel in Tafelbaai gestrand het. Onder die agt en sestig uit sewentig bemanningslede wat daarin geslaag het om die strand te bereik, was ook Ignatio Ferreira.⁴ ’n Reisjoernaal uit 1829 beweer dat Ignatio “zeven dagen lang in de zee had gedreven voordat hij de kust had kunnen bereiken”.⁵ ’n Afstammeling van Ignatio het aan C.I. Latrobe (1758-1836), ’n Morawiese geestelike en reisiger, vertel dat sy stamvader drie dae lank op ’n plank gedryfen met sy hande landwaarts geroei het sodat hy uiteindelik uitgeput en dood van die honger die Kaapse strand bereik het.⁶ Familie-oorlewering wil hê dat hy aan ’n leë wynvaatjie vasgeklou en so op die strand uitgespoel het. Iewers is daar dalk ’n greintjie waarheid in al hierdie mites. Die verhaal dat hy ’n kommandeur was wat reeds in die regeringstyd van goewerneur Simon van der Stel (1679-1699) van skipbreuk gered is en later met ’n gravin Du Preez in die huwelik getree het, is van alle waarheid ontbloot.⁷

Ignatio het besluit om aan die Kaap te bly en het as soldaat by die Vereenigde Oost-Indische Compagnie in diens getree, maar het hom ook as “knecht” aan verskeie burgers verhuur.⁸

Ignatio, wie se voornaam aan die Kaap spoedig die vorm Ignatius aangeneem het, was na alle waarskynlikheid ’n Rooms-Katoliek, wat die Protestantse geloof aanvaar het voordat hy op 6 November 1735 op Stellenbosch met Martha Terblanche in die huwelik bevestig is. Hy was toe ’n vrygesel van om en by die veertig jaar en sy ’n jongedogter van sowat agtien jaar.⁹

Martha Terblanche was die dogter van die Hugenoot Etienne Terblanche van Toulon, Frankryk, en sy vrou Martha le Fèbre, die weduwee van Jacques Pinard (Pienaar), met wie hy op 3 Desember 1713 getroud is. Uit hierdie huwelik is twee seuns en twee dogters gebore, van

-
1. J. Combrink, *Watsenaam* (Elsiesrivier, 1974), p. 20; J. Smith, “Ferreira en McGowan ook maar Smith”, *Beeld*, 16.5.1978; P. Haffter, J.C.B. Sabino en S.J. Pretorius (reds.), *Dicionário Portugues-Africano* (Pretoria, 1975), p. 174.
 2. J.T. Ferreira, “Ferreira – Lys no. 1 en Lys no. 2” (Ongepubliseerde manuskrip. Afdeling Genealogie, R.G.N., Pretoria, 1966), p. 3.
 3. J. Epstein, *Portugal: the Country and its People* (London, 1967), pp. 47-48; H. Wohl en A. Wohl, *Portugal* (New York, 1983), pp. 131-132.
 4. M. Turner, *Shipwrecks and Salvage in South Africa — 1505 to the Present* (Kaapstad, 1988), p. 149.
 5. M.A. Smuts, “Reisjoernaal, 1829” (Ongepubliseerde manuskrip in besit van G.S. Nienaber, R.G.N., Pretoria), p. 23.
 6. C.I. Latrobe, *Journal of a Visit to South Africa in 1815 and 1816* (red. F.R. Bradlow) (Kaapstad, 1969), p. 180.
 7. N.H. Theunissen, “Vreemdelinge in ons midde”, *Die Brandwag*, 25.10.1946, p. 37.
 8. J. Hoge, “Progenitor of Ferreira Family in South Africa”, *Africana Notes and News* 6(4), September 1949, p. 102.
 9. J.T. Ferreira, *Ferreira*, p. 3; J. Hoge, “Progenitor of Ferreira Family in South Africa”, *Africana Notes and News* 6(4), September 1949, p. 102.



FIGUUR 2. Detail van 'n kaart van die distrik George in 1830, waarop die plase in die veldkornetskap Gouritsrivier (C) in die omgewing van Mosselbaai aangedui word. Van belang vir hierdie artikel is: Hartebeestkuil (nr. 13), plaas van Ignatio Ferreira en geboorteplaas van Thomas Ferreira; Hemelsrood (nr. 19), waar Thomas na sy huwelik gewoon het; Ruitersbosch (nr. 8), waar Thomas na sy verbanning uit Algoabaai gewoon het en oorlede is.

FOTO: Kaapse Argiefbewaarpark, Kaapstad (C.O. 2720).

wie Martha (gedoop 5 Desember 1717) die derde kind en die tweede dogter was.¹⁰

Ignatius en Martha se huwelik was vrugbaar. Die eerste twee kinders, Maria Magdalena (gedoop Paarl, 30 Augustus 1733) en Jan Leopold (gedoop Paarl, 7 of 17 Maart 1735) is selfs voor die huwelik gebore. Ná die huwelik het gevolg Petrus Hendrik (gedoop 5 Augustus 1736), Martha Jacoba (gedoop 22 Februarie 1738), Hester (gedoop 18 Junie 1741), Thomas Ignatius (gedoop 17 November 1743 en onderwerp van hierdie artikel), Stephanus (gedoop 20 Februarie 1746), Salomon (gedoop 23 Februarie 1749), Ignatius Wilhelm (gedoop 17 Oktober 1751) en Susanna Elisabeth (gedoop 19 Augustus 1754).¹¹

Naas Thomas Ignatius verdien sy broer Petrus Hendrik spesiale vermelding. Petrus het later op die plaas Schooneberg geboer en in 1771 na Misgund in die Langkloof verhuis. Die

10. C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families III* (Kaapstad, 1966), p. 968.

11. C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families I* (Kaapstad, 1966), pp. 219-221; J.T. Ferreira, *Ferreira*, pp. 3-5 en 20.

Sweedse reisiger C.P. Thunberg (1743–1828) beskryf Petrus as 'n onverskrokke sportman, 'n kranige skut, een van die beste olifantjagters in die land, iemand wat lang togte tot aan die Oosgrens onderneem het en die Hottentotte se taal vlot kon praat. Tydens die Eerste Grensoorlog (1779–1781) was hy die aanvoerder van 'n kommando wat die swartes oor die Visrivier terug moes dryf. In 1782 was hy lid van die soekgeselskap wat na oorlewendes van die *Grosvenor* gesoek het. In 1793 was Petrus nie alleen luitenant van Swellendam se dragonders nie, maar ook 'n heemraad van dié distrik en het as sodanig besluit om met 'n klein kommando sy landgenote op die Oosgrens te gaan help. Sy kommando was nie sterk genoeg om die oormag swartes wat die Kolonie binnegedring het, te verjaag nie en sy enigste oogmerk was om defensief op te tree.¹² Petrus was nie alleen Thomas se broer nie – na die huwelik van sy seun Petrus met Thomas se dogter, Kwaade Martha, was die twee broers ook swaers.

In 1748 het Ignatius aansoek gedoen om die veeplaas “De Hartebeest Kuijl”, geleë oorkant die Gouritzrivier (*Figuur 2*), in erfpag te ontvang. In sy aansoek verwys hy na homself as 'n landbouer en wys daarop dat hy die leningplaas reeds 'n geruime tyd bewoon het.¹³ Stamvader Ignatius Ferreira het hom, hoewel verskillend van nasionaliteit, kultuur en geloof, spoedig by sy nuwe omgewing aangepas en sommige van sy kinders het reeds tydens sy lewe onder die vernaamste Oosgrensboere getel. Hy is op 24 Mei 1772 “over de Berg” oorlede.¹⁴

Al wat ons dus aangaande Thomas Ignatius Ferreira se kinderjare weet, is dat hy as sesde kind en derde seun van die Suid-Afrikaanse Ferreira-stamouers op 17 November 1743 in die Paarl gedoop is en sy kinder- en jeugjare op die plaas Hartebeestkuil in die omgewing van Mosselbaai deurgebring het.¹⁵

Huwelik

Thomas Ferreira is op 21 Oktober 1764 op een en twintigjarige leeftyd met die agtienjarige Maria Dorothea Marx (gedoop 3 April 1746) in die huwelik bevestig. Sy was die dogter van stamvader Dirk Marx van Holzweiler, Duitsland, wat van 1725 tot 1731 as soldaat in diens van die Kompanjie was, teen 1775 sy beroep as landbouer en jagter opgegee en later as poshouer op Mosselbaai opgetree het waar hy in 1791 oorlede is. Marx se eggenote was Dorothea Maria Becker, dogter van stamvader Peter Becker (gebore 1673) van Koningsbergen, Duitsland, wat in 1695 as soldaat na die Kaap gekom, hier 'n avontuurlike lewe gehad het en drie keer verban is, om uiteindelik tussen 1742 en 1747 op Robbeneiland te sterf.¹⁶

Uit die huwelik van Thomas Ignatius Ferreira en Maria Dorothea Marx is twaalf kinders gebore, naamlik Ignatius Petrus (gedoop 16 Februarie 1766), Johannes Theodorus (gedoop 4 Oktober 1767), Dorothea Maria (gedoop 28 Januarie 1771), Martha Johanna (gedoop 25

-
12. J.T. Ferreira, *Ferreira*, pp. 3, 5–6; C.P. Thunberg, *Travels in Europe, Africa, and Asia, performed between the years 1770 and 1779, I* (London, s.j.), pp. 56 en 199; E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd IV: Tochten in het Kafferland 1776-1805* ('s-Gravenhage, 1932), p. 326; P.R. Kirby, *The true Story of the Grosvenor East Indiaman wrecked on the Coast of Pondoland South Africa on 4 August 1782* (Cape Town, 1960), p. 102; P.J. van der Merwe, *Die Kafferoorlog van 1793* (Kaapstad, 1940), pp. 29–31, 33–34 en 41.
 13. J. Hoge, “Progenitor of Ferreira Family in South Africa”, *Africana Notes and News* 6(4), September 1949, p. 102.
 14. N.H. Theunissen, “Vreemdelinge in ons midde”, *Die Brandwag*, 25.10.1946, p. 53; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families I*, p. 219.
 15. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa gedaan in den Jaare 1803* (Kaapstad, 1965), p. 51, n. 224.
 16. C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families I*, pp. 33 en 219, en *II* (Kaapstad, 1966), p. 540.

Oktober 1772), Thomas Ignatius (gedoop 6 November 1774), Hester Magdalena (gedoop 16 Maart 1777), Stephanus Engelbertus (gedoop 21 Maart 1779), Salomon (gedoop 25 Maart 1781), Johanna Susanna (gedoop 1 Junie 1783), Andreas Hercules (gedoop 6 Julie 1786), Gerrit Marthinus (gedoop 4 April 1788) en Sara Jacoba (gedoop 2 Mei 1790). Die mate waarin ondertrouing tussen die families Ferreira en Marx plaasgevind het, blyk daaruit dat twee van hierdie twaalf kinders met Ferreriras en vyf met Marxse in die huwelik getree het.¹⁷

Een van Thomas se kinders, Martha Johanna Ferreira (gedoop 1772), verdien spesiale vermelding. Sy is teen 1791 met haar neef Petrus Hendrik Ferreira (1769–1839) in die huwelik bevestig. Die egpaar het hulle op Martha se vader se plaas, Papenkuilsfontein, in Algoabaai gevestig en is in 1803 saam met hom uit die gebied verban, waarna hulle hulle agtereenvolgens op die plase Dieprivier en Elandsfontein in die Langkloof (*Figuur 3*) gevestig het. Tydens die Swarte Ommegang (1812–1813) is Martha daarvan beskuldig dat sy vir die dood van sewe en die verwonding van vier van haar slawe en bediendes verantwoordelik was. Sy is egter weens onvoldoende getuienis op al die aanklagte vrygespreek, behalwe een van aanranding op 'n jong seun – waarvoor sy 'n boete opgelê is. Uit die hofstukke is dit duidelik dat sy nie verniet die bynaam “Kwaade Martha” gedra het nie.¹⁸

Op Hemelsrood

In sy huweliksjaar, 1764, het Thomas Ferreira die plaas Hemelsrood (*Figuur 2*) in Outeniekwaland op ordonnansie geneem, wat die vermoede laat ontstaan het dat dit die plek is waar die egpaar Ferreira hulle na hul huwelik gevestig het.¹⁹

Hemelsrood is nie alte ver van Hartebeestkuil, Thomas se geboorteplaas, in die omgewing van Mosselbaai geleë nie. Thomas het hom hoofsaaklik op veeboerdery toegelê en in 1765 het hy dertig beeste en honderd skape besit.²⁰

Op Jagersbosch

Thomas Ferreira sou met verloop van tyd 'n hele aantal plase besit. Die tweede plaas wat hy op ordonnansie geneem het, en wel in die jaar 1774, was “t Jagers Bosch”, geleë aan die Kromrivier agter die Attaquaskloof en net ten ooste van die Langkloof (*Figuur 3*). Dié plaas was reeds in 1741, dit wil sê voor Thomas se geboorte, in besit van Dirk Marx, sy latere skoonvader.²¹

Jagersbosch was 'n gewilde uitspanplek onder die reisigers en enkeles het hul indrukke van die plek op skrif gestel. In 1774, dus dieselfde jaar waarin Thomas op Jagersbosch gaan woon het, het die Sweedse geneeskundige en botanikus C.P. Thunberg (1743–1828) die plaas besoek. Twee jaar later, op 26 November 1776, het ook die reisiger Hendrik Swellengrebel (die jong) (1734–1803) Jagersbosch aangedoen, maar teen daardie tyd het Thomas Ferreira nie meer daar gewoon nie, want hy het vroeër daardie jaar na Algoabaai verhuis.²²

Op 1 Mei 1803 het goewerneur J.W. Janssens (1762–1838) en sy geselskap op Jagersbosch

17. J.T. Ferreira, *Ferreira*, pp. 23–24; C.C. de Villiers en C. Pama, *Geslagsregisters van die ou Kaapse Families I*, pp. 219–220.

18. O.J.O. Ferreira, “Kwaade Martha van die Swarte Ommegang” (Ongepubliseerde manuskrip, 1990), pp. 1–33.

19. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 51, n. 224.

20. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (K.A.B.): J. 317 Opgaafrol: Swellendam, 1765.

21. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 51, n. 224.

22. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 51, n. 224.

oornag. Janssens se aide-de-camp en joernaalskrywer, W.B.E. Paravicini di Capelli (1778-1848), het die volgende aangaande hierdie besoek in sy joernaal opgeteken: "Laat in die avond arriveerde wy aan eene verlaate plaats van Thomas Fereyra (Jagersbosch genaamd). Wy betrokken het leedige door de Caffers deels afgebrande huis, en spteyden daar onze



FIGUUR 3. Detail van 'n kaart van die distrik George in 1830, waarop die plase in die veldkornetskap Onder-Langkloof (I) aangedui word. Van belang vir hierdie artikel is: Dieprivier (nr. 6) en Elandsfontein (nr. 12), plase waarop Kwaade Martha Ferreira, dogter van Thomas, gewoon het nadat sy en haar man uit Algoabaai verban is; Uitvlugt (nr. 13), een van Thomas se plase. Net oos van Elandsfontein lê Jagersbosch, Thomas se plaas aan die Kromrivier in die distrik Uitenhage.

FOTO: Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (C.O. 2720).

legersteede; onze nachtrust herstelde volkoomen de vermoeynis van den voorigen dag; wy vonden hier zeer schoone zuure Limoenboomen en zogenaamde narretjes (een soort van mandaryn appeltjes) zeer aangenaam van smaak welk gewas aan de Kaap uit China werd overgebracht en zeer weelig in deezen oord groeyd; deeze waren egter door gebrek aan vochtig-

heid zeer klein en ingedroogd . . . Maandag den 2e Mey circa ten 9 uuren gingen wy van hier; onze ossen waren 's avonds verstrooid geweest en het langzaam by een brengen was de oorzaak van dit laat afryden."²³

Die volgende jaar het kommissaris-generaal J.A. de Mist (1749–1823) en sy geselskap wat onderweg na die Oosgrens was, ook Jagersbosch op 3 Januarie 1804 besoek. M.H.K. Lichtenstein (1780–1857), die geneeskundige en joernaalskrywer van hierdie groep, berig soos volg daaroor: "Door een kreupelbos van 'Protea Conocarpa' bereikte men 'savonds de plaats Jagersbos van Ferreira, die ten dele door de Kaffers gespaard was. Hier zag het gezelschap de eerste Kaffers, 5 mannen en 3 vrouwen, behorend tot Conga's volk." Hy verhaal verder dat 'n gedeelte van die huis se strooidak hulle teen die harde reënbui beskerm het.²⁴

Toe die Morawiese geestelike C.I. Latrobe (1758–1836) en sy geselskap Jagersbosch in 1816 besoek, het die plaas nie meer aan die Ferreriras behoort nie, maar is dit deur ene Ackermann bewoon. Latrobe se reisjoernaal bevat nietemin interessante gegewens wat na die Ferreriras se vroeëre verblyf aldaar verwys, maar ook die voor- en nadele van die plaas as 'n moontlike standplaas vir 'n nuwe Morawiese sendingstasie teen mekaar opweeg. Hy skryf onder meer: "It has many advantages, and water in abundance, brought by a *slote*, or canal, from a considerable distance, and lying so high, that all the grounds may be irrigated with ease, and a mill supplied by it. The house was in ruins, and one miserable room contained the whole family. In the grounds stood a remarkably large, wide-spreading oak, bamboos of very stately growth, and a great number of orange, lemon, peach, and other fruit-trees, but all neglected, and going to decay. In former days, the place was kept in good order, avenues of trees and hedges still remaining. The lands, belonging to the farm, extend for a considerable way, both up and down the river, and appeared to us well adapted for the growth both of corn and grass." Volgens Latrobe was die grootste nadeel van die plaas as 'n moontlike plek vir 'n sendingstasie die feit dat dit op die hoofroete geleë was en dus aanhoudend deur reisigers besoek sou word, wat addisionele koste en onderbrekings in die sendingwerk sou meebring.²⁵

Op Papenkuilsfontein

Thomas Ferreira het in 1776 van sy plaas Jagersbosch na Papenkuilsfontein (*Figuur 4*), wat hy op 17 April 1776 op sy naam gekry het, verhuis en sodoende een van die eerste blankes geword wat hulle in die omgewing van Algoabaai gevestig het. Sy naaste bure was Theunis Botha van die plaas Buffelsfontein (*Figuur 4*), Stephanus Scheepers op Kruisrivier en Johannes W. van Staden op Coega.²⁶ In die omgewing van Algoabaai het Thomas ook nog die plase Claeskraal en Welgelegen besit, terwyl Strandfontein, ook bekend as "Matjesfontein onder het Galgebosch", in 1778 aan hom toegeken is. In 1784 word die plaas Uitvlugt, "gelegen over de Koukie" (*Figuur 3*), op sy naam geregistreer.²⁷

Thomas het blykbaar pal by Algoabaai op sy plaas Papenkuilsfontein aan die klein Ferrerirasrivier, suid van die monding van die Swartkopsrivier en ongeveer sewe kilometer van die landingsplek, gewoon. Dit was tydens sy verblyf aldaar dat hy as korporaal van die afde-

23. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 51.

24. E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd IV*, p. 235; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa in the Years 1803, 1804, 1805 and 1806* (Cape Town, 1928), p. 268.

25. C.I. Latrobe, *Journal of a Visit to South Africa*, p. 187.

26. E.M. Neethling, "The history of Swartkops and Amsterdamhoek" (Ongepubliseerde manuskrip, s.j.; s.p.), p. 3; J.B. Scott, "The Eastern Cape 1700 to 1800; a general survey" (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Universiteit van Port Elizabeth, 1968), p. 38.

27. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 51, n. 224; J.T. Ferreira, *Ferreira*, pp. 20–21.



FIGUUR 4. Sketskaart van die vroeë plase in die omgewing van Algoabaai. Papenkuilsfontein, plaas van Thomas Ferreira, was goed geleë ten opsigte van die baai.

IT: J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days* (Wynberg, 1947), teenoor p. 54.


ling Swellendamse dragonders aangewys is om goewerneur Joachim van Plettenberg (1739-1793) tydens sy landreis op 14 Oktober 1778 in Bruyntjeshoogte in te wag, en dit was van daar dat hy in 1782 saam met die ekspedisie, wat na die oorlewendes van die gestrande *Grosvenor* gaan soek het, vertrek het.²⁸

As gevolg van die onrus aan die Oosgrens tydens die Eerste Britse bewind aan die Kaap, was die owerheid verplig om Britse troepe na Algoabaai te stuur. Twee afdelings van die 91ste Regiment het onderskeidelik op 2 en 8 Maart 1799 aan boord van die skepe *Star* en *Hope* in Algoabaai aangekom. Die bevelvoerders, majoor MacNab en kaptein Campbell, en twintig man het die omgewing verken om 'n geskikte terrein vir 'n militêre kamp te vind. Hulle het op Papenkuilsfontein, die plaas van Thomas Ferreira, besluit – onder meer omdat daar baie skape en beeste op die plaas was. Onder die naam “Ferreira’s” het Papenkuilsfontein se opstal tydelik die Britse militêre hoofkwartier geword totdat 'n fort gebou kon word. Rondom Thomas se huis het hulle 'n stervormige skans met grondwalle opgerig wat hulle die byna vanselfsprekende naam Star Fort gegee het. Dit was die eerste amptelike verdedigingsstruktuur wat aan die Oosgrens opgerig is.²⁹

Ten spyte van die teenwoordigheid van die Britse troepe in Algoabaai was die suidelike gedeelte van die distrik Graaff-Reinet, tussen die Gamtoos- en Visrivier, teen die einde van die agtiende eeu as gevolg van die onsekerheid van bestaan haas onbewoon deur blankes. Baie gesinne het in Star Fort beskerming gesoek nadat hulle op hul plase aangeval is. Die swartes het ook Star Fort helder oordag aangeval terwyl die troepe by die landingsplek was en al die skape en van die kalwers met hulle meegeneem. Die Britse troepe het hulle agternagesit en hulle naby die huidige Kleinschool verras terwyl hulle bésig was om fees te vier. Enkele swar-

28. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, pp. 51, n. 224, en 62, n. 270.

29. J.B. Scott, “The Eastern Cape 1700 to 1800: a general survey”, p. 140; J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days* (Wynberg, 1947), pp. 7-8.



FIGUUR 5. Die blokhuis wat in 1799 naby die landingsplek in Algoabaai opgerig is. Op die voorgrond nader 'n ossewa die drif deur die monding van die Bakensrivier. Op die verste heuwel, heel links, is 'n gedeelte van Fort Frederick sigbaar. Gravure deur L. Portman, na die tekening van kolonel Howen en M. Smies, volgens die oorspronklike skets deur W.B.E. Paravicini di Capelli.

UIT: J. Ploeger en A.H. Smith, *Plate-atlas van die Geskiedenis van die Unie van Suid-Afrika* (Pretoria, 1949), p. 59.

tes is gedood en die vee is teruggevind, behalwe die sowat vyftig skape wat reeds geslag was. Die insident het die Britse militêre owerheid laat besluit om 'n meer permanente militêre pos in Algoabaai op te rig.³⁰

In Augustus 1799 is 'n blokhuis (*Figuur 5*) naby die landingsplek in Algoabaai en die drif deur die Bakensrivier opgerig. Die blokhuis was 'n voorafvervaardigde houtstruktuur wat in Kaapstad gemaak is en waarvan die onderdele en stene vir die basis aan boord van die *Camel* na Algoabaai vervoer is. Op dieselfde skip was daar ook nog 'n afdeling soldate en vakmanne wat die blokhuis aanmekeer moes sit. Die blokhuis kon sestig soldate huisves en klein veldstukke is daarin opgestel. Die meeste Britse soldate was steeds in Star Fort op Papekuilsfontein gestasioneer.³¹

Die blokhuis was egter nie as vestingwerk aan die Oosgrens geskik nie. Gevolglik is spoedig met die oprigting van 'n permanente fort op 'n hoogte daar naby begin wat nie slegs die landingsplek nie, maar ook die hoof waterbron kon beskerm. Die bouwerk het teen die einde van 1799 begin en in Januarie 1800 kon die eerste bevelvoerder, majoor Lemoine, en 350 soldate die fort reeds betrek. Die fort het die naam Fort Frederick (*Figuur 6*) gedra en is na die hertog van York genoem. Dit is 'n klipfort van 24 meter in die vierkant met drie meter hoë mure. Binne die mure (*Figuur 7*) was daar op regterhand 'n magasyn waarin 2 000 pond kruit gebêre kon word, terwyl daar aan die linkerkant 'n klein waghuis was. Die geskut het uit agt twaalfponders bestaan. Rondom die fort was daar palissades of paalomheinings vir ekstra beskerming, maar die pale is dikwels deur koloniste geneem en vir die maak van veekrale gebruik. Spoedig is barakke vir die garnisoen, pakhuis, 'n bakkerij, 'n hospitaal, 'n skryfwerkerswinkel en 'n smidwinkel naby die fort opgerig.³²

Ten spyte van die gespanne toestand aan die Oosgrens het Thomas Ferreira en sy gesin op Papekuilsfontein aangeby, omdat hy op beskerming van die Britse troepe in Fort Frederick gereken het. Hy is wel in daardie tyd deur Klaas Stuurman en van sy Hottentotte op een van sy ander plase aangeval, maar nadat hulle die meeste van sy besittings weggevoer het, was hulle so bedagsaam om vir hom 'n span osse terug te stuur. Drie van Thomas se plase, naamlik Papekuilsfontein, Claeskraal en Welgelegen is verwoes, sodat hy op 4 November 1802 by generaal Francis Dundas (1759-1824) gekla het oor die "onnorm schade" wat hy gely het en ook gemeld het dat hy in Algoabaai in "een zeer benauwde staad" verkeer het.³³

In Fort Frederick

Nadat generaal Francis Dundas, waarnemende goewerneur aan die Kaap, verneem het dat die Kaap aan Nederland teruggegee sou word, het hy Algoabaai in September 1802 besoek om die garnisoen te onttrek. Fort Frederick is reeds voor die einde van September ontruim, waarop 'n groep koloniste, onder leiding van Thomas Ferreira, van generaal Dundas verlof ontvang het om die fort te betrek. Thomas het inderdaad as bevelvoerder van Fort Frederick

30. J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days*, p. 9.

31. J.J. Oberholster, *Die historiese Monumente van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1972), pp. 131-132; G. Butler (red.), *The 1820 Settlers: an illustrated Commentary* (Cape Town, 1974), p. 31; J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days*, pp. 9-11.


32. J.J. Oberholster, *Die historiese Monumente van Suid-Afrika*, pp. 131-132; W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 65; G. Butler (red.), *The 1820 Settlers: an illustrated Commentary*, p. 31; J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days*, p. 11.

33. J.S. Marais, *Maynier and the first Boer Republic* (Cape Town, 1944), pp. 138, 146-147; G.M. Theal, *Records of the Cape Colony from December 1796 to December 1799, II* (Kaapkolonie, 1898), pp. 455-456; W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*. pp. 62-63. n. 270.



FIGUUR 6. Fort Frederick soos dit tans lyk. Thomas Ferreira is teen die einde van 1802 deur die Britse bevelhebbers aan die Kaap as bevelvoerder van die fort aangewys nadat hulle verneem het dat die Kaap aan die begin van 1803 in Bataafse hande sou oorgaan.

FOTO: O.J.O. Ferreira (1989).



FIGUUR *Binn-aansig* die poort van Fort Frederick.

FOTO: O.J.O. Ferreira (1989)

opgetree en het van Dundas opdrag ontvang om die sendinginstituut van dr. J.T. van der Kemp (1748-1811) van die Londense Sendinggenootskap by Botha's Place te beskerm. Na 'n nagtelike aanval deur Andries Stuurman en sy Hottentotte op Botha's Place, het Van der Kemp en sy volgelinge besluit om op 1 Oktober 1802 na Fort Frederick te verhuis. In die fort was daar 'n gespanne verhouding tussen dr. Van der Kemp en sy volgelinge enersyds en Thomas Ferreira en die ander koloniste aan die ander kant, maar die omringende gevare het hulle verplig om saam te woon.³⁴

Verbanning uit Algoabaai

Toe die Kaap op 22 Februarie 1803 in Bataafse hande oorgegaan het, was die oostelike gedeelte van die Kolonie feitlik in 'n chaotiese toestand.³⁵ Goewerneur J.W. Janssens het gevolglik persoonlik die Oosgrens besoek om homself van die omstandighede daar te vergewis. Twee dae voor die aankoms van Janssens in Algoabaai het die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap, dr. J.T. van der Kemp en J. Read (1778-1851), 'n lys van elf klagtes van mishandeling teen Thomas Ferreira by majoor Carl von Gilton, wat in bevel van die Bataafse garnisoen in Algoabaai was, ingedien. Op grond daarvan is Thomas gearresteer en aangehou totdat Janssens gearriveer het. Ferreira het vermoedelik die klagtes ontken en is met 'n waarskuwing deur Janssens ontslaan, hoewel Von Gilton aangesê is om hom steeds dop te hou.³⁶

Klagtes teen Thomas Ferreira oor mishandeling, politieke bedrywighede en herberging van deserteurs is reeds in 1796 ingedien. Die ernstigste geval was waarskynlik die beweerde moord op die Hottentot Hendrik Platje. Sy vrou, Sara Platje, het beweer dat haar man op 'n dag met heuning uit die veld gekom het toe Thomas hom voorgekeer en aangehou het. Hendrik het 'n leë kruithoring en koeëlsak by hom gehad, gevolglik het Ferreira vermoed dat hy ook 'n geweer moes gehad het wat hy iewers weggesteek het. Hendrik het dit ontken, waarop Ferreira, gehelp deur een van sy seuns en Lucas van Rooyen, hom op die plek om die lewe gebring het deur hom lewend aan stukke te sny.³⁷ 'n Ander klagte teen Thomas was dat hy tydens sy verblyf in Fort Frederick sonder die toestemming van die regering 'n pakhuis binne die fort afgebreek en die boumateriaal – hoofsaaklik hout – vir eie gebruik verwyder het.³⁸

Janssens is tydens sy besoek aan Algoabaai "onophoudelik lastig geval" met klagtes van Hottentotte teen die familie Ferreira. Hy het moeg daarvan geword "om die gruwels langer aan te hoor" en het gevolglik W.B.E. Paravicini di Capelli en D. van Rheenen gelas om die geldigheid van die klagtes te ondersoek. Hulle bevinding was dat daar weens gebrek aan getuienis "geen grondige bewyse" ter staving van die gepleegde misdade gelewer kon word nie, maar dat die meeste aantygings teen die Ferreriras waarskynlik gegrond was. Op grond daarvan is Thomas Ferreira in Mei 1803 deur Janssens ondervra. Ferreira se skriftelike verweer is deur Paravicini di Capelli as "een aaneenschakeling van uitgezotte onwaarheden" bestempel. Die Goewerneur het Ferreira terstond van sy gesag oor die kommando wat hy

34. H. Giliomee, *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind 1795-1803* (Kaapstad/Pretoria, 1975), p. 243; J.S. Marais, *Maynier and the first Boer Republic*, p. 145.

35. H. Giliomee, *Die Kaap tydens die Eerste Britse Bewind 1795-1803*, p. 327.

36. J.T. Ferreira, *Ferreira*, p. 22; E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd IV*, p. 135; W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, p. 65.

37. K.A.B.: C.O. 4443 Correspondence relative to the allegations made by the missionaries Read and Van der Kemp, 3.5.1811, D; W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Africa*, pp. 63, n. 270, en 64.

38. E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd IV*, p. 134.

aangevoer het, onthef om te verhoed dat hy die “pasgestigte rustigheid weer door Godtergende mishandeling soude storen” en voordat “de beledigde Hottentotte tot wanhoop en nuwe oproer soude worden aangespoord”. Verder het Janssens besluit om hom en sekere van sy familieleden uit Algoabaai te verban. Op 31 Mei 1803 het Thomas Ferreira voor die Goewerneur en offisiere verskyn om die verbanningsbevel te ontvang. Daarvolgens moes hy en sy twee seuns, Stephanus en Andreas Hercules, sy skoonseun Petrus Hendrik Ferreira en dié se vrou Martha tot vyf uur te perd anderkant die drosdy van Swellendam (*Figuur 8*) verhuis en hulle by die landdros aldaar aanmeld. Die verbanning word nie as ’n straf beskryf nie, maar as ’n “measure van hooge Politie”, genoodsaak deur die belange van die land en sy inwoners. Hierdie “sagte weg” is waarskynlik ingeslaan omdat soveel jare verloop het sedert die beweerde booshede gepleeg is en omdat dit die wens van kommissaris-generaal J.A. de Mist was dat die rus op die sagte wyse herstel moes word en uitgerekte hofsake net ou wonde sou oopkrap. Thomas Ferreira is uitdruklik gelas om hom onder geleide na die drosdy op Swellendam te laat neem en om daar onder die wakende oog van die betrokke landdros te bly.³⁹

Laaste jare op Ruiterbosch

Nadat Thomas Ferreira sy verbanningsbevel van Janssens ontvang het, wou hy weer op sy plaas Jagersbosch in Kromrivier gaan woon het, maar dit is hom geweier omdat hy dan steeds met die swartes en Hottentotte in aanraking sou wees. Daar was egter geen beswaar daarteen dat een van sy seuns hom op Jagersbosch sou gaan vestig om sy vader se vee op dié plaas op te pas nie. Sy oudste seun, Ignatius Petrus Ferreira (gedoop 1766), het Jagersbosch dan ook inderdaad weer teen die einde van 1803 gaan bewoon.⁴⁰

Thomas Ferreira en sy eggenote is wel deur landdros A.A. Faure van Swellendam toegelaat om op Ruiterbosch (*Figuur 2*), ’n plaas in die omgewing van Mosselbaai en nie alte ver van sy geboorteplaas Hartebeestkuil af nie, te gaan woon.⁴¹ Thomas het hom hoofsaaklik op veeboerdery toegelê. In 1805 het hy 46 beeste en 154 skape besit.⁴²

Thomas is waarskynlik in 1814 op Ruiterbosch oorlede, want sy testament is op 15 September 1814 geregistreer.⁴³

Papenkuilsfontein word Cradock Place

Papenkuilsfontein, Thomas Ferreira se leningplaas by Algoabaai wat hy in 1803 onder dwang moes verlaat het, is teen die einde van 1811 deur Frederik Korsten (1772-1839), ’n Nederlandse baanbreker-sakeman aan die Oosgrens, gekoop. Naby die opstal van Ferreira het hy ’n deftige opstal en handelshuis (*Figuur 9*) laat oprig. Na ’n besoek van die Kaapse Goewerneur, sir John Cradock (1762-1839), in 1812 het Korsten die plaas Papenkuilsfontein na Cradock Place herdoop. Hier het hy die grootste handel- en nywerheidsentrum aan die Oosgrens in die jare voor die koms van die Britse Setlaars van 1820 gevestig.⁴⁴

39. J.T. Ferreira, *Ferreira*, pp. 22-23; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa*, p. 388; E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd IV*, p. 154; W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Afrika*, pp. 51, n. 224, 69-70, 96, n. 371.

40. K.A.B.: B.R. 24 Resolusies, 4.1.1804, pp. 29-30; W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Afrika*, p. 51, n. 224.

41. K.A.B.: B.R. 24 Resolusies, 4.1.1804, pp. 27-28 en 30.

42. K.A.B.: J. 318 Opgaafrol: Swellendam, 1805, nr. 357.

43. W.B.E. Paravicini di Capelli, *Reize in de Binnen-landen van Zuid-Afrika*, p. 96, n. 371.

44. M.J. Swart, “Frederik Korsten”, in W.J. de Kock (red.), *Suid-Afrikaanse biografiese Woordeboek II* (Kaapstad, 1972), p. 380; J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days*, pp. 8, 15, 43 en 45.



FIGUUR 8. Kaapse distriksgrense teen 1805 wat aantoon dat Thomas Ferreira se verbanning uit Algoabaai tot “vyf uur te perd anderkant die drosdy van Swellendam” ’n verhuising oor ’n groot afstand sou meebring het.

UIT: J.S. Bergh en J.C. Visagie, *The Eastern Cape Frontier Zone 1660–1980* (Durban, 1985), p. 19.

Die ruïnes van Korsten se indrukwekkende gebouekompleks kan vandag nog naby Cradockplein, Algoapark, in Port Elizabeth, besigtig word, terwyl lae reste van grondwalle daar naby moontlik die oorblyfsels van Star Fort is (Figuur 10). Binne hierdie grondwalle is



FIGUUR 9. Papenkuilsfontein, alias Cradock Place, teen die middel van die negentiende eeu. Die gebouekompleks in die middel, agter, is die opstal en handelshuis van Frederik Korsten. Die alleenstaande huis in die middel, reg voor Korsten se opstal met sy endgewel skuins na die aanskouer, is waarskynlik die oorspronklike woning van Thomas Ferreira.

UIT: J.J. Redgrave, *Port Elizabeth in bygone Days* (Wynberg, 1947), p. 46.



FIGUUR 10. Oorblyfsels van die grondwalle van Star Fort op Papenkuilsfontein digby die huidige Algoopark, Port Elizabeth.

FOTO: O.J.O. Ferreira (1989).

daar aanduidings van fondamente, wat na alle waarskynlikheid die fondamente van die ou plaasopstal van Thomas Ferreira is. In die middel-sewentigerjare was daar sprake om die huis van Thomas op die ou fondamente te rekonstrueer, maar van hierdie plan het tot op datum niks tereggekome nie.⁴⁵

Karakter

Die beeld wat van Thomas Ignatius Ferreira uit die argiefstukke, reisjoernale en geskiedenisboeke vorm aanneem, is dié van 'n geharde, hardvotige Oosgrenspionier. In die *Memorandum voor de Goeverneur Janssens over het karakter van met name genoemde Boeren* word Thomas Ferreira "een Tiran" genoem en oor hom en ses ander koloniste word berig dat hulle "alle slegte Characters [zijn] en mishandelen hunne Hottentotte in 't byzonder".⁴⁶

Baie van sy medekoloniste aan die oosgrens het Thomas Ferreira as een van die grootste aanstigters van die Grensoorloë beskou. Volgens hulle was sy optrede teenoor die swartes skandalig en dat die inboorlinge 'n dodelike haat jeens hom gekoester het. Dit was Thomas se optrede "met een zoo hardvochtig gemoed en van zoo afschuwelijke grondbeginselen" wat ook die verontwaardiging van kommissaris-generaal J.A. de Mist uitgelok het. Heinrich Lichtenstein was van mening dat John Barrow (1764-1848), Britse amptenaar en skrywer oor die

45. Persoonlike mededeling: J.M. Ferreira, Whyteleafrylaan 185, Algoopark, Port Elizabeth, Julie 1989; W. Muller, "Eerste huis van blanke wag op restourasie", *Die Oosterlig* 37(12), 10.4.1974.

46. E.C. Godée Molsbergen (red.), *Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd IV*, p. 214.

Kaap, sy negatiewe “afbeeldsel van een Afrikaansch Colonist naar hem [Ferreira] geschetst had”.⁴⁷

Hoe kan Thomas Ferreira se optrede verklaar word? Moontlik is die antwoord te vinde in ’n verslag van goewerneur J.W. Janssens nadat hy die familie Ferreira in 1803 in Algoabaai ontmoet het. Janssens skryf: “Zij noemen zigzelven menschen en Christenen, de Kaffers en Hottentotten heijdenen en hier door gelooven zij zig alles geoorloofd. Een broeder van Thomas Ferreira [waarskynlik Petrus Hendrik], die eenige lectuur vermeend te hebben, heeft de ontdekking gedaan dat de Hottentotten de afstammelingen van het vervloekte ras, van Ham [Gam] zijn en dus ter dienstbaarheid en mishandeling door den almachtigen God zijn gedoemd.”⁴⁸ Hierdie aanhaling spreek boekdele oor die mensbeeld wat die Oosgrenspioniers aan die begin van die negentiende eeu ten opsigte van die inboorlinge gehad het. F.A. van Jaarsveld wys daarop dat hierdie mensbeeld ten opsigte van die nie-blanke destyds nie tot die Afrikaner of Suid-Afrika beperk was nie, maar dat dit ook in die Verenigde State van Amerika voorgekom het. Ook dáár is die Neger en Indiane as die afstammeling van Gam gesien wat deur die Voorsienigheid tot diensknegte van die blankes verordineer is.⁴⁹ Uit hierdie verwronge religieuse opvatting kan Thomas Ferreira se mentaliteit moontlik beter begryp word.

Maar geen mens het slegs negatiewe eienskappe nie. Thomas Ferreira moes bepaald oor sekere leierseienskappe beskik het wat inderdaad deur sowel die Nederlandse as Britse owerhede aan die Kaap en ook deur sy medekoloniste in die omgewing van Algoabaai raakgesien is. Hoe anders kan die leidende rol wat hy in hierdie omgewing gespeel het, verklaar word?

Uit die getuienis tot ons beskikking wil dit voorkom asof Thomas Ferreira ’n vooruitstrewende boer was wat hom hoofsaaklik op veeboerdery toegespits het. Volgens die opgaafrolle was daar ’n konstante toename in die getalle van sy veestapel. Die groot aantal plase wat op sy naam geregistreer was, getuig van ondernemingsgees, maar hoe geslaagd die boerdery op die onderskeie plase was, weet ons nie.

Ten spyte van sy hardvogtigheid, was Thomas Ferreira nie heeltemal ongevoelig vir die Christelike godsdiens nie. Volgens die testament wat hy en sy vrou op 12 September 1801 opgestel het, sou die langslewende alles erf “mits verpligt blyvende de kinderen by elkanderen verwekt eerlyk en christelyk op te voeden en te onderhouden tot hunne mondige dagen . . .”.⁵⁰ Dit mag na ’n cliché uit testamente van daardie tyd klink, maar in 1802 verwys hy na sy woonplek by Algoabaai as “die verste voorpos van die Christendom”.⁵¹

47. J.P. van der Merwe, *Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 1803–1806* (Amsterdam, 1926), p. 235; H. Lichtenstein, *Travels in Southern Africa*, pp. 372–373.

48. G.M. Theal (red.), *Belangrijke historische Dokumenten III* (Kaapstad, 1911), p. 219.

49. F.A. van Jaarsveld, *Die Evolusie van Apartheid* (Kaapstad, 1979), pp. 3 en 160, n. 4.

50. K.A.B.: M.O.O.C. 7/1/68, nr. 50: Testament van T.I. Ferreira en M.D. Marx, 12.9.1801.

51. J.S. Marais, *Maynier and the first Boer Republic*, p. 146.